J – WKOD-riglyn:
Veiligheid van leerders wat van die leerdervervoerskema gebruik maak

Tak: Inrigtingsontwikkeling en -koördinering	J: WKOD-riglyn: Veiligheid van leerders wat van die leerdervervoerskema gebruik maak	
J: WKOD-riglyn	Uitgereik: 20 Mei 2020	Hersiening soos en wanneer benodig word

Goedgekeur deur die Hoof van die Departement:

BK Schreuder
Datum: 2020-05-20

J: WKOD-RIGLYN: VEILIGHEID VAN LEERDERS WAT VAN DIE LEERDERVERVOERSKEMA GEBRUIK MAAK

1. Doel

1.1. Om prinsipale en SBS'e te adviseer oor wat van hulle verwag word om die veiligheid van leerders wat van die leerdervervoerskema gebruik maak, te verseker.

2. Regulasies

2.1. Alle pendelaarvervoerdienste, ingeslote passassiersbusdienste, taxidienste en privaat motors wat leerders skool toe vervoer, moet voldoen aan die regulasies wat uitgereik is kragtens die Wet op Rampbestuur, 2002 (Wet 57 van 2002) en aan alle direktiewe wat in die skedule uiteengesit is om die verspreiding van COVID-19 aan te spreek en te verhoed.

3. Aflaai en oplaai van leerders by skole

3.1. Alle leerders moet toesien dat hulle fisieke afstandsmaatreëls handhaaf terwyl hulle op vervoer wag.

3.2. Alle leerders moet altyd 'n masker dra.

3.3. Leerders moet toesien dat hulle hulle hande was voordat hulle die huis verlaat/of by die skool.

3.4. Slegs leerders wat op die leerdervervoerskema geregistreer is, mag van die vervoer gebruik maak.

4. Dravermoë

4.1. Die dravermoë moet voldoen aan die regulasies oor die versekering van fisieke afstand in ooreenstemming met *Staatskoerant* No. 43272 van 04 Mei 2020.

4.2. Voertuie se dravermoë is tans 70%.

5. Voorsiening van verbeterde toegang en higiëne, ontsmettingsbeheer op leerdervervoer

5.1. Alle bestuurders moet handreinigers of ander higiënehouers verskaf om hulle hande te reinig sodra die leerders en volwasse toesighouers die voertuig betree.

5.2. Alle bestuurders moet toesien dat openbare vervoer se voertuie ontsmet word voordat leerders opgelaai word en nadat hulle afgelaai is.

5.3. Bestuurders moet toesien dat die deur- en vensterhandvatsels, arm- en handleunings en vensters waarteen leerders leun van alle leerders se voertuie waarmee hulle vervoer word, ontsmet is voordat leerders op- en afgelaai word.

5.4. Bestuurders moet toesien dat alle leerdervervoer skoon en netjies is.

5.5. Alle bestuurders en leerders moet maskers dra.

6. Rolle en verantwoordelikhede van prinsipaal en SBS

6.1. Alle leerdervervoer, ingeslote dié in privaat besit of gereëlde vervoer, is onderworpe aan die heersende regulasies tensy dit vir leerdervervoer in die besonder gewysig is.

6.2. Prinsipale of 'n aangewese amptenaar moet nakoming gereeld kontroleer.

6.3. Prinsipale of 'n aangewese amptenaar moet nakoming kontroleer wanneer busse leerders af-/oplaai.

6.4. Enige oortredings moet onmiddellik by die distrik aangemeld word.